

# Die Sabbatsrus



## SABBATMIDDAG

**Lees vir Vandeeweek se Studie:** *Gen. 1:26 en 27, Gen. 9:6, 2 Pet. 2:19, Rom. 6:1-7, Eks. 19:6 en Joh. 5:7-16.*

**Geheeteks:** “Ses dae moet julle werk, maar die sewende dag is ’n rusdag, ’n sabbat waarop julle ’n gewyde byeenkoms moet hou. Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die sabbat aan die Here wy, waar julle ook al woon” (*Lev. 23:3, NAB*).

**M**ense voer allerhande redes aan hoekom die Sewendedag-sabbat nie onderhou hoef te word nie, nè? – verskonings soos dat Jesus die Sabbat na Sondag verander het, of dat Jesus dit afgeskaf het, of dat Paulus dit afgeskaf het, of dat die apostels ter herdenking van die opstanding die Sewendedag-sabbat met die Sondag vervang het, en so meer. Die afgelope paar jaar is die argumentasie meer gesofistikeerd as voorheen, byvoorbeeld dat Jesus ons Sabbatsrus is en dat ons derhalwe nie daardie of enige ander dag hoef te onderhou nie. ’n Redenasie wat klaarblyklik altyd met ons sal wees – al is dit ’n vreemde een – is dat enigeen wat op die sewende dag rus outomaties redding deur werke probeer bekom.

Nietemin is daar ’n aantal Christene wat deesdae belang stel in die Bybelse idee van rus – d.w.s. die idee dat daar ’n rusdag is – hoewel hulle aanvoer dat daardie rusdag Sondag is of dat dit irrelevant is op watter dag ’n mens dit vier. So, hulle het wel agtergekom hoe belangrik Bybelse rus is, asook die rede hoekom dit belangrik is.

As Sewendedag-Adventiste verstaan ons natuurlik die ewigdurendheid van God se sedewet en dat die onderhouding van die vierde gebod, soos dit daar geskrywe staan, net so min op redding deur werke neerkom as wat gehoorsaamheid aan die vyfde, sesde of eerste of enige ander van die tien gebooue daarop neerkom.

Vandeeweek bekyk ons die rusdag wat God ons deur die Sabbatsgebod geskenk het en hoekom dit so belangrik is.

*\*Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 4e September.*

## Die Sabbat en die Skepping

Van al die tien gebooie, is dit slegs die vierde wat begin met die bevel om te onthou: “Jy moet *onthou*” (ABA, *klem verskaf*). Geen van die ander gebooie sê: “Jy moet onthou om nie te steel nie” of “Jy moet onthou om nie te begeer nie.” Net die vierde een sê: “Jy moet *onthou* die sewende dag is ’n gewyde dag” (ABA), oftewel: ”Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig” (OAB).

Hierdie idee van “onthou” voorveronderstel ’n bepaalde geskiedkundige gebeurtenis – iets het in die verlede gebeur waaraan ’n mens duidelik moet dink [vandaar die Afrikaanse imperatief “gedenk” wat in die OAB gebruik word]. Wanneer ’n mens iets gedenk, maak jy ’n verbintenis tussen die hede en die verlede. “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig” neem ’n mens reguit terug na ’n bepaalde gebeurtenis – die skeppingsweek.

**Lees** Genesis 1:26 en 27, asook hfst. 9:6. Wat leer ’n mens uit hierdie verse oor hoe spesiaal die mens is, en ook hoe radikaal anders ons as die res van God se aardse skepping is? Hoekom is dit so belangrik om die onderskeid te begryp wat hier aangeroe word?

---

Wanneer ’n mens die skepping onthou, onthou jy dat ons na God se beeld geskape is – ’n eienskap wat aan geen ander wese of verskynsel in die skepping toegedig kan word nie. Dit is duidelik dat die mens radikaal anders as enige ander wese op aarde is, ongeag hoeveel gedeelde DNS ons met ander spesies het. In teenstelling met die populêre mitologie van ons tyd is ons nie bloot gevorderde ape of hoogs geëvolueerde weergawes van ’n oerprymaat nie. As mense is ons geskape na die beeld van God en is ons uniek m.b.t. die res van hierdie geskape planeet.

**Hoe** herinner die skeppingsverhaal ons in watter verhouding die mens tot die skepping staan? Genesis 2:15 en 19.

---

Die besef dat God nie net die mens nie, maar ook die res van die wêreld geskep het, herinner ons daaraan dat die mens ’n verantwoordelikheid teenoor die skepping het. Ons is veronderstel om te “heers oor” oor die skepping. Dit beteken egter nie dat ons dit moet uitbuit nie. Die Here het ons as bestuurders oor die aarde aangestel. Ons moet op ’n versigtige wyse met die natuur omgaan soos God daarmee omgaan.

Ja, sonde het inderdaad alles geskend en verwronge gemaak, maar hierdie planeet is steeds God se skepping. Ons het dus geensins die reg om dit te misbruik nie, veral nie tot nadeel van ons medemens nie, wat al te dikwels die geval is wanneer sulke uitbuiting plaasvind.

**Die Sabbat is ’n gedenkteken van God as die Skepper. Daarbenewens maak die Sabbat ons ook bewus van die feit dat ons veronderstel is om goeie rentmeesters oor die natuur te wees. Op watter maniere kan die Sabbat ons hiermee help?**

## Die Viering van Ons Vryheid

Soos ons vroeër gesien het, dui die Sabbat op meer as net die skeppingsdae. Die tweede keer wat ons van die tien gebooie hoor, is wanneer Moses 'n oorsig van Israel se 40 jaar lange woestynomswerwinge gee. Die inleidende sinsnede tot die rede hoekom die Israeliet die Sabbat heilig moet hou, gaan hier nie oor die skepping nie, maar eerder oor hul bevryding uit die slawerny en ballingskap in Egipte (*Deut. 5:12-15*).

Hoewel die moderne gelowige nie meer bevryde slawe uit Egipteland is nie, spook ons dikwels om uit die kettings van 'n ander soort slawerny te kom, een wat in sekere opsigte net so onderdrukkend is as wat die Egiptiese ballingskap was.

**Met watter ander vorme van slawerny spook ons vandag? Lees Genesis 4:7, Hebreërs 12:1 en 2 Petrus 2:19.**

---

---

Die Sabbat is 'n viering van ons bevryding uit alles wat ons in slawerny hou. Op Sabbat word 'n mens herinner dat bevryding van sonde moontlik is, nie deur die krag van die mens nie, maar deur die krag van God wat ons deur geloof ontvang. Ons word ook daaraan herinner dat dit 'n vryheid is wat nie deur werke bekom word nie. Die Israeliete se eersgeborenes is gered deur die bloed van die lam wat op die vooraand van die volk se uittoeg uit Egipte aan die deurkosyne gesmeer is (*Eksodus 12*). Ons is ook deur die bloed van die Lam gered, derhalwe wandel ons in die vryheid wat Christus Jesus vir ons bewerkstellig het.

**Lees Romeine 6:1-7. Wat Paulus hier sê, kan 'n mens met die seëninge wat ons deur die Sabbatdag ontvang, verbind. Hoe so?**

---

---

Let op Deuteronomium 5 vers 15: "Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het" (*NAB*). Hier word die Israeliete opnuut daaraan herinner dat hulle redding uitsluitlik deur die krag van God en deur sy werke ten behoeve van die volk gekom het. Die bewoording opsigself dui op hierdie waarheid. Hoeveel te meer behoort ons as Christene te besef dat ons slegs deur die krag en bemiddelende werke van Christus van sonde gered is?

Hierdie gebod sê vir ons om te rus in die verlossing wat God op so 'n kragtige wyse vir ons bekom het. Ons word bevry van ons eie pogings tot geregtigheid namate ons besef dat God ons Skepper is en dat ons op Hom kan vertrou om ons ook te herskep. Ons moet nou reeds – hier op aarde – op Hom vertrou om ons van die sonde-slawerny te bevry, as ons Hom net wil toelaat om in en deur ons te werk.

**Watter belewenisse het jy aangaande die slawerny wat sonde bring? In Christus het ons die belofte dat ons uit hierdie sonde-slawerny bevry kan word. Hoe kan ons leer om daardie belofte ons eie te maak?**

## Die Vreemdeling in Jou Poorte

**Lees** Eksodus 19:6. Wat sê hierdie teks aangaande die Israel se rol in die destydse wêreld? (Lees ook 1 Pet. 2:9.)

---



---

Israel is uit Egipte geroep om God se verbondsvolk te wees. As hulle getrou was, sou hulle die nasie wees waardeur die evangelie aan die wêreld gebring sou word. Hulle het ongetwyfeld die spesiale sorg en aandag van God geniet. Hulle is bepaalde voorregte gegun, en daarmee saam ook bepaalde verantwoordelikhede.

**Lees** Eksodus 23:12. Watter ander aspek van Sabbatsviering is hier te sprake? Wat leer 'n mens uit hierdie teks oor die lig waarin die Here nie-Israeliete beskou het?

---



---

Die universele aard van die Sabbat is iets wat baie mense miskyk. Die mees algemene wanopvatting is natuurlik dat die Sabbat slegs vir die Jode was, 'n siening wat deur die eerste twee hoofstukke van Genesis verkeerd bewys word. Die Here het, per slot van rekening, alle mense geskape; so almal behoort die Sabbatdag te gedenk.

Hoewel 'n mens altyd in gedagte moet hou wat die Sabbat vir ons as Adventiste beteken, moet 'n mens ook onthou wat die Sabbatsgebod oor ons medemens te sê het. In 'n sekere sin spoor die rus en samesyn in ons Skeppergod en Verlosser 'n mens aan om outomaties met ander oë na andere te kyk; om hulle te sien as wesens wat deur dieselfde God geskape is as wat ons geskape het; wesens wat deur dieselfde God liefgehê word as die een wat ons liefhet; wesens vir wie Hy, en ook vir ons, gesterwe het. Soos ons reeds gesien het (*Eks. 20:10, Deut. 5:14*), moet die diensknegte, die vreemdelinge en selfs die diere 'n Sabbatsrus gegun word.

Die feit dat die vreemdelinge wat by 'n mens is – d.w.s. persone wat (nog nie) deel van die verbondsbeloftes is wat Israel ontvang het nie – ook 'n Sabbatsrus moet geniet, spreek boekdele. Mense, selfs diere, moet nooit geëksploiteer of mishandel word nie. Elke week is die Hebreërs (en ook ons vandag) op 'n kragtige wyse herinner aan hoe baie ons met ander mense in gemeen het. Wat meer is, selfs al geniet ons voorregte en seënninge wat andere nie het nie, moet ons onthou dat ons steeds deel van die mensdom as 'n gesin is, en dat ons derhalwe ons medemens met respek en waardigheid moet behandel.

**Hoe kan jou eie onderhouding van die Sabbat dalk tot seën wees vir diegene wat dit nie onderhou nie? Met ander woorde: hoe kan jy die Sabbat gebruik om vir Jesus te getuig?**

## Naastediens Laat Reg Aan Die Sabbat Geskied

Die godsdienstige leiers van die Nuwe Testament het Sabbatsviering geweldig ingewikkeld gemaak. 'n Magdom dinge was verbode en menigte reëls is uitgedink, alles in 'n poging om die Sabbat heilig te hou.

Hier is enkele van die dinge wat verbode was: om iets te knoop of te ontknoop, om twee garingdrade van mekaar te skei, om 'n vuur dood te maak, om 'n voorwerp tussen die huis en die openbaar te vervoer, of om iets verder as 'n bepaalde afstand in die openbaar te vervoer.

### Watter aanklag word teen Jesus in Johannes 5:7-16 ingebring?

---

Hulle ignoreer die fantastiese wonderwerk wat Jesus pas gedoen het, insluitende die feit dat Hy die man van siekte bevry het. Al waaroor hulle behep was, was die feit dat die geneesde man sy bed in die openbaar op die Sabbatdag gedra het. Die godsdienstige leiers let nie op die wyse waarop die "Here van die Sabbat" (*Mark. 2:28, OAB*) God se rusdag vier nie. Nee, al waarin hulle belangstel, is dat hul eie reëls en regulasies gevolg behoort te word. Op ons eie manier, en binne die konteks van ons moderne bestaan, moet ons teen soortgelyke foute waak.

### Hoe stippel Jesaja 58:2 en 3 God se wil m.b.t. Sabbatsviering uit?

---

Die Here wil nie leë aanbidding of 'n doodse stilte as uiterlike vertoon van vroomheid hê nie. Hy begeer onderlinge interaksie wanneer sy kinders die Sabbat vier, veral vir die vertraptes en uitgeskuifdes.

Jesaja stel dit onomwonde in hfst. 58 vers 13 en 14: "As jy jou voet terughou van die sabbat — om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek" (*OAB*).

Die najaag van ons "sake" (*Isa. 58:13, OAB*) — of om te "doen net wat jy wil" (soos die *NAB* dit stel) — is presies dieselfde as "om op die Sabbatdag te oortree" (*NLV*) of soos die een Engelse vertaling dit stel, as "trampling the Sabbath" (*NRSV*). Die gewone gang van die mens is nie deel van God se ideale Sabbatdag nie. Nee, God vra dat ons ons op die Sabbat oor diegene wat swaarkry, dié wat in kettings is, dié wat honger en naak is, dié wat in die duister rondtas, asook diegene wat agterweë gebly het, moet ontferm. Veral op die Sabbatdag word ons uit die ek-gerigte bestaan en uit ons selfsug geneem. Dié dag noop ons om meer aan ons medemens en sy/haar behoeftes te dink, en nie uitsluitlik aan onself en ons behoeftes nie.

## Die Teken Dat Ons Aan God Behoort

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was Engeland 'n spoedige inval deur die Duitser te wagte. Allerhande voorbereidings is getref om die eilandgroep te beskerm. Bykomende versterkings is al langs die kuslyn opgerig. Aangesien paaie die vyand se oorname vinniger sou bewerkstellig, is padblokkades ook op strategiese punte opgerig. Daarna het die owerhede 'n vreemde ding gedoen. Ten einde die vyand in verwarring te bring en hul vordering sodoende verder te vertraag, is spoorweg- en padtekens verwyder. Gegraveerde padwysers in klip of op geboue kon natuurlik nie verwyder word nie, en is toegemessel.

Padwysers en bakens is belangrik. Dit wys 'n mens hoe om te ry om by 'n bestemming uit te kom. In die tyd voor GPS het almal kaarte gehad, en het uitgekyk vir padtekens en bakens.

**Waarvan** is die Sabbat 'n teken? Lees Eksodus 31:13, 16 en 17. Op watter maniere kan 'n mens die raad wat hier gegee word, toepas, veral aangesien ons in die ewigdurendheid van God se wet glo?

---

Hierdie woorde is spesifiek vir Israel van ouds gespreek. Nietemin is ons wat aan Christus behoort “die nageslag van Abraham en dus erfgename van die belofte” (*Gal. 3:29, NLV*), en die Sabbat bly 'n teken tussen God en sy geestelike verbondsvolk. Eksodus 31 wys daarop dat die Sabbat 'n teken van God se ewige verbond is (*Eks. 31:16, 17*). Hierdie teken help ons om Hom te ken wat ons Skepper, ons Verlosser en ons Heiligmaker is. Dit is soos 'n vlag wat elke sewende dag gehys word, en help 'n mens om te onthou aangesien ons geneig is om te vergeet.

God se Sabbat is 'n konstante herinnering aan ons oorsprong, bevryding en lot; asook ons plig teenoor die uitgeworpenes en die uitgeskuifdes. Om die waarheid te sê, die Sabbat is so belangrik dat ons nie tot die Sabbat kom nie, maar dat dit tot ons kom – elke week sonder uitsondering – 'n ewige herinnering van wie ons is, wie ons gemaak het, wat Hy vir ons doen, en wat Hy uiteindelik vir ons gaan doen wanneer Hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gaan skep.

'n Heilige God nooi sy menslike verbondlede om te let op die ritme wat ons oë op ewige dinge gerig hou, daardie dinge wat werklik tel – die reddende verhouding tussen die Skeppergod en Verlosser enersyds, en ons, sy koppige skepping andersyds. Met die krag en gesag van Bo word ons elke week beveel om die rus te smaak wat ons vrylik in en deur Christus Jesus ontvang het, “Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het” (*Heb. 12:2, OAB*).

**Hoe kan 'n mens leer om 'n nou wandel met God tydens die Sabbatsure te hê?**

**Stof tot Nadenke:** “Regdeur die week behoort ons aan die Sabbat te dink en daarvoor voor te berei, ten einde dit te onderhou soos die gebod ons beveel. Ons moet nie die Sabbatdag bloot as ’n vorm van wetsgehoorsaamheid te beskou nie” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 353).

“Die ganse hemel hou die Sabbat, maar nie as ’n dag van verveling en niksdoen nie. Op hierdie dag moet die innerlike aktief en wakker wees, want dit is immers ’n ontmoetingsdag met God die Vader en met Christus ons Verlosser, nie waar nie? Deur geloof kan ons Hom aanskou. Hy begeer om elkeen innerlik te verkwik en te seën” (bl. 362).

“Die eise wat aan God gestel word, is groter as op die Sabbat in vergelyking met ander dae. Sy kinders sit hul werke opsy, en bring die Sabbatsure in bepeinsing en aanbidding deur. Gelowiges het meer versoeke op die Sabbat as op enige ander dag. God se kinders soek sy aandag op die Sabbatdag. Hulle smag na sy allerbeste seëninge. Die Here wag ook nie vir die Sabbat om eers te sluit voordat Hy daardie wense toestaan nie. Die hemel se werk hou nooit op nie en net so behoort die mens ook nooit ophou om goed te doen nie. Die Sabbat is nie veronderstel om ’n tyd van ledigheid te wees nie. Die tien gebooue verbied [wel] sekulêre arbeid op God se rusdag. Die inspanning om geld vir lewensonderhoud te verdien, dit is wat op ’n Sabbat gestaak moet word. Geen inspanning vir wêreldse plesier of profyt is geoorloof op daardie dag nie. Die Here het [immers] sy skeppingswerk beëindig, en het toe op die Sabbat gerus en dit as ’n rusdag geseën. Net so moet ons die werksaamhede van die alledaagse lewe opsysit, en die gewyde Sabbatsure aan gesonde rus, aanbidding en die verrigting van edel dade wy. Die genesingswerk wat Christus verrig het, was volmaak in pas met die wet. Dit het die Sabbat tot sy volle reg laat kom” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 207).

## Besprekingspunte:

- ① **Volhoubaarheid en aardverwarming is deesdae ’n warm patat in baie lande se politieke sfeer. Hoe kan ons as Adventiste goeie rentmeesters van die skepping wees sonder om by politiek betrokke te raak?**
- ② **Naastediens begin in die gedagtes. Hoe kan ’n mens die regte ingesteldheid aankweek ten einde die mense om ons (soos gesinslede, gemeentelede en mense van die plaaslike gemeenskap) op ’n meer passiewolwende wyse te dien? Hoe bied die Sabbat ’n mens meer geleenthede om net mooi dit te doen?**
- ③ **Elke Sabbat is ’n herinnering dat die ganse mensdom deur God geskape is. Dit help ’n mens om andere deur God se oë te sien. Hoe behoort die Sabbat die gelowige te help om die volgende waarheid te onthou: dat dinge soos ras, etnisiteit, sosio-ekonomiese omstandighede en geslag irrelevante verskille is, siende dat God die mens na sy beeld geskape het en dat ons die middelpunt van sy verlanqe is?**